# KAMMANUUS

'n publikasie van onsdorp.com

Uitgawe 507 Mei 2024

## TOULEIER

11 April, êrens langs die Brasiliaanse kus Suid van Fortaleza, die laaste van die land se hawes wat ons gaan besoek. Ons boot, die Costa Diadema wat sowat twee duisend slagoffers in sy worsmasjien het, vaar steeds Noord. Ons sal later vandag seker effe Wes draai omdat Fortaleza bokant so 'n boggel van die kus lê.

Aan boord is meestal mense wat of Portugees, of Spaans, of Italiaans praat. Geen een van hulle ken  van saggies praat nie. Maar eintlik is dit lekker. Vanaf mollig en so effe aan die vet kant tot brandmaer. Wat ek verfrissend gevind het is dat die vetties geen skaamte het nie.

Ek sit hier onder 'n sambreel tussen hulle almal by een van 12 swembaddens. Daar is eintlik net twee swembaddens wat mens rêrig 'n swembad kan noem.




Die res van hulle is oorgrote borrelbaddens wat so tien of twaalf mense kan omhels. Die een op die agterstewe op die 10 de vlak. Ons kajuit is heel voor op die skip op die 11 de vloer. Dit kos my om die hele lengte van die boot met my viertrek Lamborghini loopraam oor te steek. Goed genoeg rede om bietjie oefening ook te kry!

Die basdrom ondertoon van die Latynse disko musiek kom sterk deur en oorheers al die tale van Babilon wat om die swembad druis. Om my wemel dit van die. blink vet lywe. Sonder skaamte. Deurtrekkers, sonder bostukke! En nou praat ek net van die mans! Die vrouens stoot boepens en ding goed mee met die ewe korpulente mans. En al wat jy sien is die boude wat roer!

En op daardie roerende noot, groet ek eers want Kammanuus is al weer laat en ek en Kamermaatjie maak al weer reg vir twee weke in die wildtuin.
Of moet 'n mens dalk met aksent sê, in dié Wildtuin?

*Hennie en Annabelle*

## RAAI RAAI RIEPA!

Verloor ek mos nou die aand met net een punt ons kroeg se vasvrawedstryd. Die vraag wat ek verkeerd gehad is was: *Waar het vrouens meestal kort en krullerige hare?*

Die antwoord verskyn aan die agterkant van **Agteros.**



En terwyl ons met raaisels besig is:
**WATTER VLAG IS DIT HIERDIE?**
Wie van julle kan raai waar hierdie vlag geswaai word?

Dié antwoord is ook aan die agterkant van hierdie week se **Agteros.**

# Paraprosdokiërs!

*(Woorde wat soos vloekwoorde klink maar nie is nie)*

Die eerste keer dat ek van paraprosdokiërs gehoor het, het ek dadelik van hulle gehou. En nee, dis nie 'n klomp vroue dokters nie en nee, dis ook nie 'n klomp paddas en donkies nie.
Paraprosdokiërs is spraak uitdrukkings waarin die laaste deel van 'n sin of frase verrassend of onverwags is en dikwels humoristies is. Baie keer weerspreek die tweede deel die eerste gedeelte. Winston Churchill was ook lief vir hulle.

Hier is 'n paar wat Bill Hewitt van Montagu vir ons gestuur het:

Die laaste ding wat ek wil doen, is om jou seer te maak.... maar dit is steeds op my lys.

Omdat lig vinniger as klank beweeg, lyk sommige mense slim totdat jy hulle hoor praat.

As ek met jou saamgestem het, sou ons albei verkeerd wees.

Ons word nooit regtig groot nie.... ons leer net hoe om volwasse in die openbaar op te tree.

Kennis is om te weet 'n tamatie is 'n vrug. Wysheid, om dit nie in 'n vrugteslaai te sit nie.



Om idees van een persoon te steel, is plagiaat. Om van baie te steel, is navorsing.

Ek het nie gesê dit is jou skuld nie, ek het net gesê ek blameer jou.

Vroue sal nooit gelyk wees aan mans voordat hulle met 'n kaal kop en 'n bierpens in die straat kan loop en steeds dink dat hulle sexy is nie.

Ek was vroeër besluiteloos, maar nou is ek nie meer so seker nie.

Om kerk toe te gaan maak nie van jou 'n Christin nie, net soos om in 'n motorhuis te staan, nie van jou 'n motor maak nie.


Jy is nooit te oud om iets doms te leer nie.

Mens is veronderstel om ouer mense te respekteer, maar dit word al hoe moeiliker vir my om nou een te vind.






# Dié Maand se Giggels










# Amper kom ons in die koerant terug!

Deur Yulandi *Steenkamp*



en Blikkies

Op 8 jarige ouderdom het ek begin twyfel aan wat grootmense doen en sê. Hulle gesigsuitdrukkings het nie altyd gepas wat uit hul monde kom nie. Ek het nog nie die kuns bemeester om mense te lees nie en kon nie altyd uitmaak wat hulle dink nie. Hul woorde na lang stiltes was soos 'n legkaart wat nog nie gebou is nie – dit het geen sin gemaak nie!

So vertrek ons weer een jaar op ons jaarlikse tog Kaap toe. Als het goed afgeloop tot net anderkant Touwsrivier. Daar was 'n snaakse reuk in die kar. Eers het ons my broer Jannie beskuldig; sy gasvryheid het genoeg metaangas, stikstof en koolsuurgas bevat om 'n atoombom mee te bou. Hy het onskuld bepleit alhoewel hy verklaar het 'n stop nie 'n slegte idee was nie. Ma het die gekookte eiers vir Jannie se konstitusie blameer. Pa besluit nou is net so goeie tyd as enige ander om te stop. Met die uitklimslag loop ons almal om die kar om die vreemde reuk op te spoor. Pa maak die kattebak oop...



Verbaas staan ek en my gesin in 'n halfmaan en staar na die gapende gat in die middel van die kattebak. Bo-oor die gat lê Pa se getroue blou gasbotteltjie. Een van die tasse het aan die een kant skeef opgetrek soos dit gebrand het. Om ons hang die mislike reuk van gebrande plastiek en materiaal swaar in die lug.

Pa kyk op en skud sy kop, loop dan om die kar en haal die voetmatjie voorin uit. Hy gooi dit met misnoeë op die grond neer en kniel. Ek wonder of Pa nou gaan begin bid?



"Die verdomde *exhaust* het deurgebrand." grom Pa vererg en vryf vies oor sy nek. Ma se oë word groot en ek kan sien dat sy nie veel gepla is oor pa se pronkstuk met die gat in sy pens nie. "Ook maar goed ons moes stop." sê Ma kalm. Uit die hoek van my oog sien ek hoe Jannie rondkyk vir 'n Karoobossie, hy moet al weer kamerverlaat.

Pa sê altyd dat sy kar soos sy tweede vrou is. Met liefde en toewyding sorg Pa dat sy wiele in tip top kondisie is. Op Pa se gesig is daar 'n uitdrukking van pyn en verwarring. Ek verstaan en het medelye, ek voel so oor my storieboeke. Stomgeslaan wonder ek waar dié *exhaust* is wat so 'n vreeslike daad sou pleeg om 'n gat in Pa se kar te brand.

Pa kniel weer en bewonder die gapende gat van onder. Hy is stil en brom net onderlangs, ek verstaan nie wat hy sê nie. Ek sien hoe draai die wiele in Pa se oë van al die dink, hy staan doodluiters op, gryp die gasbotteltjie met mening en sit dit agterin die kar op die vloer. Die gebrande tas gaan oor die onooglike gat en Pa roep na Jannie en sê dat hy nie langer gaan wag nie, hy wil in die Kaap kom.

Met die inklim brom Pa weer iets wat ek nie mooi kan hoor nie. Met die wegtrek is daar 'n oorverdowende knal van agter en ons wip in ons sitplekke van die skrik. Ek was oortuig daarvan dat dit die oordeelsdag is. Pa vloek saggies en sit voet in die hoek. Die agterent klap nog 'n paar keer en ek wonder of die kar se maag omgekrap is met die gat in? So al protesterend en geluide wat in die kamerverlaat hoort beur Pa se pronkstuk deur die Hexrivier vallei.

## Die atmosfeer is so dik mens kan dit met Ma se broodmes sny…

Op Worcester word daar by 'n motorwerktuigkundige gestop en Pa laai alles uit die kattebak. Ons staan verdwaald rond want geen mens weet wat Pa nou doen nie. Gaan ons nou met die tasse Kaap toe loop? Die man by die werkswinkel gee vir Pa 'n sleutel, Pa stap weg en kom later terug met 'n vreemde motor. Sonder 'n woord begin Pa die tasse laai. Ons bondel almal in die kar en sit stroopsoet agterin. Ek bly ook maar stil, want niemand praat nie en die stilte is amper heilig. Jannie maak groot oë vir my en ek weet nie wat hy probeer sê nie. Ek weet net dat wat nou besig is om te gebeur is die voorloper van onheil. Die atmosfeer is so dik mens kan dit met Ma se broodmes sny.




Pa stop weer. Ons klim uit en word aangesê om te help dra. Flink help ons met die tasse en stap agter Pa aan in die rigting van 'n gastehuis. By ontvangs betaal Pa die vriendelike tannie en sy gee ook vir hom 'n sleutel. Ek begin wonder oor die mense in dié dorp wat so graag sleutels uitdeel. Pa kyk om en maak seker sy kroos volg hom die trappe op. Hy sluit die deur oop en ek staan verwonderd en kyk na die mooiste kamer wat ek nog gesien het. Ten minste word daar nie meer Kaap toe geloop nie en ek wonder hoe lank ons in die sprokieskamer gaan bly?

Ma sug saggies en sit haar hand gerusstellend op Pa se arm. Sy glimlag mooi vir hom, "Amper kom ons almal in die koerant in die Kaap aan." sê sy saggies. Pa sug net beswaard en stap in. Ek wonder weer oor hoe grootmense dink en praat. Dink Ma rêrig ons almal sal in 'n koerant kan inpas?




O wee!! Ek moet bieg! Ek is ′n regte soettand! Ek probeer my bes om suiker te vermy en uit my dieet te sny, ek eet gesond met baie vars produkte maar voor ek my kan kry, kyk ek na lekker soethappies! Ek het nou (amper) opgehou om terte of koeke te bak want wie eet daardie hele sondigheid alleen op? Ekke ja!

So kom ek mos op hierdie kaneel rolletjie juweel af! Jy kan dit binne 3 minute aanmekaar slaan en dis selfs mooi genoeg dat jy dit gou vir jou onverwagse gas kan voorsit!!

**BESTANDDELE**

- 135 ml (9 gelyke eetlepels) bruismeel
- knippie sout
- 60 ml (4 e) melk
- 15 ml sagte botter
- 5 ml pypkaneel
- 15 ml suiker

Vir die glasuring – Meng:

- 60 ml versiersuiker
- 15 ml melk/room

**METODE:** Smeer ‛n groot koffiebeker (350ml) ( of plat reghoekige bakkie goed met botter. Jy kan ook kleefwerende sproei gebruik, maar botter is altyd lekkerder! Meng die meel, sout en melk. Die deeg moet soepel wees, maar nie te taai of te droog nie. Voeg ‛n paar druppels melk by as die deeg te droog is. Keer die deeg op ‛n oppervlak uit wat liggies met meel bestrooi is. Knie ‛n paar keer en rol dan die deeg in ‛n lang strook uit van ongeveer 10cm in breedte.

Smeer die botter mildelik oor die deeg. Sprinkel lekker met die kaneelsuiker. Rol op soos ′n ‛swissroll′ en plaas die deegrol in jou beker of plat bakkie. Mikrogolf vir 45-60 sekondes of tot gestol. Plaas oor na ‛n bord en glaseer of voeg net nog gesmelte botter en kaneelsuiker by. Sny in skywe en geniet!

*Wenk: Jy kan 135 ml meel and 3.75 ml bakpoeier gebruik indien jy nie bruismeel het nie!* Voila!
Groetes,|
Retha

# Spreekkamerstories
## Met 'n lepel vol lag
**Dr. Fana Malherbe**



Opgeplak in die Buitepasiënteafdeling:

*Pasiënte moet asseblief nie simptome uitruil nie. Dit verwar die dokters.*

'n Oubaas gaan na die groot hospitaal om sy oë te laat ondersoek.

Hy verdwaal in die gange en loop deur 'n paar deure. Hy beland in 'n kamer waar 'n verbaasde verpleegster haastig haar rokkie regtrek.

"Nursie, my dokter sê ek moet 'n oogarts sien."

"Hy is heeltemal reg. Hierdie is die damestoilet!"

Daar is 'n storie – en ek glo dis net 'n storie – van 'n man van Johannesburg wat met 'n vreemde siektegeskiedenis by die hospitaal aangemeld het. Hy het gekla dat daar 'n kat in sy maag is en dat die kat stadig besig is om hom dood te maak. Die pasiënt het duidelik siek gelyk – sy gesig was ingevalle en hy was maer en uitgeteer. Hy het volgehou dat hy nie wou eet en só die kat voer nie.

Hy word toe in die hospitaal opgeneem. Alle moontlike toetse en x-straal-ondersoeke word gedoen, maar geen afwykings kan gevind word nie. Die psigiater probeer ook om hom van dié waan te genees, maar sonder sukses.

Ten slotte besluit die dokters om maar 'n kamma operasie op hom uit te voer. Onder 'n kort narkose word 'n oppervlakkige snit oor sy bobuik gemaak en weer geheg.

Toe hy wakker word, wys hulle hom 'n dooie kat wat iemand by die veearts gaan haal het. Daarna herstel die pasiënt wonderbaarlik, begin lekker eet en gewig aansit – 'n nuwe mens.

Drie maande later is hy egter terug by die hospitaal. Daar is weer 'n kat in sy maag!



Die hospitaalpasiënt is baie siek en die saaldokter voel hom geroepe om die ware toedrag van sake aan die man te verduidelik. Die pasiënt lyk of hy verstaan.

"Is daar iemand wat ons nog vir jou moet bel?"

"Ja," fluister die pasiënt.

"Wie dan?"

"'n Ander dokter, asseblief."



# MAKERIEPAS!

**Stories uit die weermag**

# Tannie Elize Botha op die Grens!

Ons het gedurende P.W. Botha se tyd, 'n vliegtuig vol dames opgevlieg grens toe. By verskeie plekke is aangedoen.By party net vir 'n paar uur,want om vir +-80 mense slaapplek te gee ,kan 'n probleem wees. Daar is by kleiner plekke soos Oshivello by die Etosha panne geland, waar die dames dan die troepies ontmoet het, asook so 'n draai saam met hulle gery op hul "buffels" en Ratels.

So kom ons met Tannie Elize Botha ,genl. .Stofstrepie Viljoen se vrou en die res die dag by Omega aan . Daar was 'n vloot –offisier kommandeur Van Oudtshoorn aangestel wat na hulle behoeftes en verwagtinge moes omsien,-- maar ek dink na 3 of 4 dae op die grens, was hulle net so moeg vir hom, soos hy vir hulle was.

By Omega was daar soos te wagte 'n hengse "to do" vir hulle gereël met al die nodige eet- en drinkgoed. Ons vliegbemanning het buite hierdie groot tent gestaan toe ek opmerk dat Tannie Elize uitsluip en gaan vars lug soek.

Net langs hierdie tent was daar so 'n plus minus vyf by vyf meter afgeskorte sak vierkant, en sy glip daarin! – Na seker 'n minuut of twee se wag,sien ek haar "lyfwag" soek haar nog nie en voel ek moet gaan kyk wat doen sy by hierdie URINALE,hulle staam omtrent ses in 'n ry.

Toe ek by haar kom, voordat ek 'n woord kon uiter,sê sy vir my ; "*Ek kan nie verstaan nie,alles is so stil ,hoekom sê niemand dan 'n woord nie"*-------Toe dog sy dis soos op 'n boot waar die kaptein van onder af met daardie groot tregtervormige goed met die manne op die dek praat! Ek het half soos 'n aap gevoel om vir haar te vertel wat dit was en haar daar uit gekry voordat iemand dalk daar inbars om een te gebruik.




'n Haas lê nie eens eiers nie,

Dan moet ek dit nog wegsteek ook!



# AGTEROS

Die keer, ʻn artikel deur ʼn onbekende leser uit Australië met die oulike blog genaamd

**kammakastig**



## Al lê die berge nog so blou

In Queensland, Australië, is daar 'n gehuggie berge wat my hart gesteel het die Glass House Mountains. Hieronder is twee foto's uit teenoorgestelde rigtings geneem.





Vreemde naam: Glass House Mountains. Die storie wil dit hê dat kaptein James Cook so teen 1770 by Moreton Bay verbygevaar en die eienaardige bergies raakgesien het. Van sy skippie se dek af het dit vir hom kompleet gelyk soos die glasoonde van sy tuiswêreld, Yorkshire, en dit summier Glass House Mountains gedoop. Hulle is egter baie ouer as enige glasoond wat Engeland kon oplewer - ongeveer 25 tot 27 miljoen jaar gelede het vulkaniese aktiwiteit in die omgewing geboorte gegee aan hierdie vreemdvormige uitstulpings.



*18de eeuse "bottle kilns" - https://www.kilncontrol.com/blog/history-of-kilns/*

Die interessante storie van die Glass House Mountains het egter niks met die Engelsman te doen nie, en wel alles met die oorsponklike Aborigines wat die gebied bewoon het lank voor die eerste witmensoog hulle van die see af raakgesien het. Daardie hele gebied is heilige grond vir die oorspronklike Jinibara- en Kabi Kabi-inwoners.

Volgens legende het mens hier te doen met 'n gesin berge - 'n pa, 'n ma en 11 kinders, waaronder twee tweelinge. Die pa is Tibrogargan, die ma is Beerwah en die oudste seun is Coonowrin. Die res van die kroos is Beerburrum, die Tunbubudla-tweeling, die Coochin-tweeling, Ngungun, Tibberoowuccum, Miketebumulgrai, en Elimbah. Dan is daar ook die kleine vette Round en Wildhorse wat gedurig in die see wil plas.




Een mooi dag het Tibrogargan so oor die see uitgekyk en gesien hoe 'n reuse golf naderkom. Vinnig-vinnig het hy die kleiner kinders bymekaar gemaak en land-in gevlug met hulle. Maar eers het hy sy oudste, Coonowrin, gevra om om te sien na sy ma, Beerwah, want dié was weer swanger en kon nie so vinnig wegkom nie. Coonowrin was egter nie 'n dapper jong berg nie, en toe Tibrogargan omkyk, sien hy net hoe die maaifoedie sonder sy ma weghol. Dadelik het hy hom agterna gesit en hom so hard teen die kop geklap dat sy nek tot vandag toe nog skeef staan. Nadat die vloed gesak het, het die gesin berge teruggekeer na hul oorspronklike tuiste langs die kus. Coonowrin het sy pa om verskoning gaan vra, maar dié wou van niks weet nie en het sy rug op hom gedraai. Toe het hy by sy broers en susters om vergifnis gaan pleit, maar ook hulle het hom verstoot en gespot. Die hele gesin het só bitterlik gehuil oor Coonowrin se lamsakkigheid dat hulle trane letterlik in strome die see in gevloei het

**ANTWOORDE VIR RIEPAS**

## VLAG

Dit is die vlag van die Meditterreense eiland Korsika, die geboorteplek van Napoleon Bonaparte en is sedert 1769 deel van Metropolitaanse Frankryk.

Die vlag toon die kop van 'n Moor met 'n bandana bokant sy oë. Vroeër – toe Frankryk die eiland van 1769-1789 regeer het - het die bandana sy oë bedek, maar dis later afgeskuif om die bevryding van die Korsikaanse volk te simboliseer.

Dit het in onbruik verval, maar is sedert 1980 die amptelike vlag van die eiland.

## KRULHARE

Die plek waar die meeste vroue krullerige hare het, is Afrika. (Wat het julle dan gedink?)

**HASTA PROXIMO MES**!